

Donderdag 22 Januarie 2015 : Die krag van gebed

Skriflesing

Jakobus 5:16-20

Een van die dinge wat ons in ons geestelike lewens die moeilikste afleer, is iets wat ons al van tweejarige ouerdom af doen en dit is om te sê: "Ek sal self."

Ek sal self die gemeente op die regte pad hou. Ek sal self die program en die preek uitwerk. Ek sal self mense ondersteun en bemoedig. Ek sal self 'n ouer vir my kinders wees. Ek sal self my werk doen. Ek sal self van my lewe 'n sukses maak.

Ons as mense kan 'n paar goed self doen. Maar daar is 'n reuse verskil in resultate wanneer ekself dinge doen of wanneer ek oorgee en toelaat dat God dinge deur my doen.

Ons lees in Jakobus dat Elia 'n mens soos ons was. Kort nadat hy gedeel het in God se oorwinning oor Baal op Karmelberg, vind ons hom bewend van vrees vir Isebel onder die besembos in die woestyn. Hy is teneergedruk en wens dat hy eerder wil doodgaan.

Hy bid gelowig en God hoor en verhoor sy gebed. Hy het gelowig gebid dat dit nie moet reën nie en dit het vir 3½ jaar nie gereën nie. Toe het hy weer gebid en die Here het reën gegee.

God luister na mense wie se saak met hom reg is. Ons moet gelowig, ingeprop by God, bid. Dan sal jy nie in die eerste plek vra wat jy wil hê nie, maar wat wil Hy hê.

Gebed is nie 'n geestelike kragtoer waarmee ek God se arm kan draai om te kry wat ek wil hê nie. Ons kan niks van God eis asof ons reg op iets het nie. Ons het net voorregte. In geloofsafhanklikheid kan ons ons hart teenoor Hom uitpraat en pleit. En in die woorde van Jesus Christus in Getsemané (Matt 26): "Moet nogtans nie doen soos ek wil nie, maar soos U wil", alles in sy hande laat. God wat alles kan doen, sal ongelooflike dinge doen.

Bly bid in jou binnekamer en saam met medegelowiges. Gebed laat dinge gebeur - nie omdat ek so oulik bid nie, maar in gebed praat en pleit ek tot God wat dinge laat gebeur.

Gelowige gebed bring God in beweging. Gelowige gebed het reuse gevolge, omdat ek ingeprop is by die God van KRAG wat in woorde van Efesiërs 3:20: "...oneindig meer kan doen as wat ons bid of dink."

Gebed is die grootste krag in 'n Christen se lewe. En God se antwoord op gelowige gebede oortref dikwels ons hoogste verwagtings. Die Bybel is vol voorbeelde hiervan:

Ons lees in Jos 10:12-14 dat Josua bid en die son stilstaan.

Elisa bid en die Arameërs word met blindheid geslaan. Hy bid weer en hulle kan sien. Ons lees daarvan in 2 Kon 6:18 en 20.

In 2 Kon 20 lees ons dat God, na Hiskia se pleitgebed, sy lewe met 15 jaar verleng.

Gebeur dit vandag nog dat mense bid en die Here reën terughou en gee, die son laat stilstaan, mense blind gemaak word en weer sien en mense gesond word? Dieselfde God wat dié dinge gedoen het, is steeds in beheer. Hy kan dit steeds doen.

Ons moet net afleer om te sê: "Ek sal self" en sodoende ons kosbare tydjie op aarde mors.

Gaan leef in die eerste plek in biddende afhanklikheid van God.

Gelowige gebed kan God in beweging bring. Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking. As ek bid, kan God reën gee. Hy kan steeds die son laat stilstaan, mense gesond maak en die land genees.

Ek sluit af met 'n opmerking van Hans von Staden:

As ons werk, is dit net mensewerk, maar as ons bid, werk God en as God werk, wie kan dit keer?

Amen